

27 Julie

Efesiërs 6:10-20

Jou wapens vir die stryd

Omdat ons stryd 'n geestelike stryd is, het ons geestelike wapens nodig. Die stryd is reeds gewen op Golgota 2000 jaar gelede.

Die opdrag is duidelik: "Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel" (Ef. 6:11). U sien, hierdie beeld van die volle wapenrusting dui op 'n Romeinse soldaat. Paulus is op die stadium in die tronk. Heel waarskynlik is daar 'n Romeinse soldaat wat hom bewaak. Hy hou die beeld van die soldaat voor om die volle wapenrusting te beskryf. As gelowige moet 'n mens die volle wapenrusting aantrek om op jou pos te bly en om staande te bly te midde van stryd.

Ons is gebind aan Jesus Christus deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees wys juis daarop dat die volle wapenrusting aangetrek moet word en nie slegs 'n gedeelte daarvan nie.

Sing: Psalm 45:3

Ds. J.J.J. Erasmus (Volksrust/Vrede)